PREEKOPSOMMING

Tema: *Werk: Van Geswoeg na Vervulling!*
Teksvers: Prediker 5:18 ***"God gee aan 'n mens rykdom en besittings en laat hom dit geniet God laat die mens sy deel ontvang en sy werk met vreugde doen. Dit is 'n gawe van God."***
Teks: Prediker 5:17-19
Datum: 11 Oktober 2009 (Erfdeel Gemeente)
Prediker: Ds Peet Louw (Sel 0845220079 of Tel 057 3884533)

40% van jou lewe bestaan uit WERK!! En die kanse is baie goed dat jy dit glad nie gaan geniet nie. Twee derdes Amerikaners sê hulle geniet glad nie wat hulle doen nie. 'n Hele klomp mense sê sommer rondborstig, *ek haat my werk!* So, hoekom moet ons werk? Hoekom werk jy? Is dit om jou rekeninge te betaal of om eendag te kan aftree! Is dit regtig die manier waarop jy jou lewe wil deurbring? Daar moet mos darem 'n beter rede wees om te werk! Die goeie nuus is, daar is 'n beter rede. ***Prediker 5:18(c)*** sê, ***"Dit is 'n gawe van God!"*** M.a.w dit moet jou lewe beter maak – dit moet lewenskwaliteit by jou lewe voeg. Dit moet uiteindelik ***vreugde*** by jou lewe voeg.

Die belangrikste ding wat ek en jy van werk moet verstaan, is dat dit nié 'n straf is op die sonde nie. Voordat sonde in die wêreld ingekom het, het God werk ingestel. Lees ***Genesis 2:15***. Sonde het werk moeiliker gemaak, maar WERK is daar om jou lewe beter te maak! Dis normaal vir mense! Daarom behoort WERK nooit op te hou nie. Jy behoort na regte nie eintlik af te tree of op 'n punt in jou lewe te kom waar jy NIE meer werk nie. Jy kan wel later teen 'n stadiger pas werk of ligter werk verrig, maar jy is nie veronderstel om ooit heeltemal op te hou werk nie, want werk voeg lewenskwaliteit by jou lewe. Daar is veral ***drie dinge*** wat WERK by jou lewe voeg:

1. ***Selfvertroue:*** Was jy al ooit in 'n Restaurant waar daar 'n nuwe kelner is. Jy kan sommer van 'n afstand af sien hy of sy is onseker en senuweeagtig. Maar na 2 weke lyk die prentjie anders - die selfbewustheid is weg en hulle lyk heel behendig. Min ander dinge gee 'n mens soveel selfvertroue as wanneer jy uitdagings by jou werk te bowe kom. Ek dink dit is wat God in gedagte gehad het, toe Hy vir ons die vermoë en die gawe gegee het om te kan werk en wanneer Hy ons in die Skrif aanmoedig om hard te werk. Sodat ons die beloning van selfvertroue kan oes!
2. ***Karakter Ontwikkeling:*** Harde, eerlike WERK ontwikkel jou karakter! Enige werk gee 'n mens die geleentheid om elke karaktertrek wat God in die Bybel noem wat Hy by sy mense soek, te ontwikkel. As jy al die geleenthede wat jou WERK jou bied gebruik om goddelike waardes te beoefen, sal jy in jou karakter groei. As jy bv. geweldig gefrustreerd is met 'n opdrag of projek wat net nie afgehandel word nie, kan jy dit sien as 'n geleentheid om deursettingsvermoë te oefen. As jy versoek word of bewus word van 'n oneerlike praktyk by jou werk, kan jy dit as 'n kans sien om te groei in jou eerlikheid. As jy sien of hoor jou vriend word ingedoen by die werk, kan jy die kans gebruik om lojaliteit te oefen en by hom of haar te staan. As 'n medewerker jou irriteer, gebruik jy die kans om te groei in aanvaarding en geduld? As jy gevra word om iets te doen wat jy vrees, laat jy toe dat vrees jou keer, of gebruik jy die geleentheid om te groei in moed en die uitdaging aan te vat? Jou WERK, al is dit vir jou hoe frustrerend of sleg, kan letterlik vir jou 'n skool van karakter-ontwikkeling word as jy dit met die regte gesindheid benader. Baie mense laat die geleenthede verbygaan, maar dié wat dit gebruik, kry die onverwagte beloning van persoonlike groei en uiteindelike volwassenheid.
3. ***Gevoel van Vervulling:*** Elke keer nadat God 'n volgende aspek van die skepping klaargemaak het, het Hy teruggestaan en gesê, *dit is nou goed!!* Ek en jy is gemaak na die beeld van God - dit beteken daar is in elke mens iets van God. Ek glo ook die gevoel van

vervulling wat 'n mens ervaar nadat jy 'n stuk werk na die beste van jou vermoë afgehandel het, kom van God af. Betekenisvolle werk gee vir elke mens 'n gevoel van vervulling, 'n gevoel dat jy iets bereik het. En niks op aarde kom daarby nie!! Tye van ontspanning en niksdoen, vakansietye en uitstappies en breuke is baie nodig vir mense wat hard werk. Maar hulle grootste nut is dat dit ons verfris, om weer aan te gaan met ons werk. Werk is deur God ontwerp vir elke mens – nie net om jou besig te hou nie, maar om jou die noodsaaklike geleenthede te gee om selfvertroue en karakter te bou en uiteindelik die beloning van vervulling te kan ervaar, wat jy as mens so broodnodig het om die wêreld in die oë te kan kyk. Klink dit miskien vir jou na 'n straf???

Hoekom is WERK dan vir sommige mense 'n vloek? Wat maak die verskil? *Bill Hybels* sê daar is **TWEE dinge** wat die verskil maak: *Die regte werk en die regte redes.*

1. **Die Regte Werk:** Omtrent alle mense wat gelukkig is in hulle werk, het een ding in gemeen: Hulle doen werk wat in lyn is met die vermoëns, talente en belangstellings wat God hulle gegee het. God wil hê dat elke mens se werk hom of haar moet laat lewe! God wil hê ons werk moet vir ons energie gee, ons werk moet ons as't ware oppomp met lewe, dit moet lewe blaas in jou lewe! Is dit so met jou werk? Is die werk wat jy nou doen in lyn met die unieke manier waarop God jou gemaak het, in lyn met jou God-gegewe vermoëns en talente? As jy nie *"JA"* kan antwoord nie – moet jy dalk God vertrou en 'n ander werk soek! Voordat enige mens 'n werk aanvaar, behoort jy eers vir jouself te vra: *Wat laat my lewe? Wat sal ek die graagste in die hele wêreld wil doen? Wat voel jy kan jy die beste doen?* Daar is wel omstandighede wat 'n mens soms dwing om tevrede te wees met 'n werk waarin jou hart nie is nie, wat nie in lyn is met wie en wat jy is nie. Maar, as jy enigsins kan, moet jy sulke werk sien as tydelik! Ek glo God wil hê elke mens moet beroepstevredenheid beleef, want WERK is een van die dinge waarvoor ons gemaak is.

2. **Die Regte Redes:** Die tweede vereiste vir werkstevredenheid is dat jy jou werk sal doen vir die **Regte redes,** en dit is om God tevrede te stel en te verheerlik! As 'n Christen by sy of haar werk instap, moet hulle beslis aan meer dink as net om geld te maak, of om die baas te beïndruk … selfs aan meer dink as om net gelukkig te wees. 'n Kind van die Here se hoofdoel met sy of haar werk is om die Here te vereer! Lees ***Kolossense 3:23-24***. Wat jy ookal doen, wat ookal jou pligte en verantwoordelikhede is, jou uiteindelike baas is Jesus. Hy is die een vir wie jy tevrede moet stel. As jy die Here tevrede stel**,** word jou werk 'n manier waarop jy die Here aanbid, jou werkplek word 'n tempel, elke projek wat jy aanpak, word 'n offer aan die Here.

   Hoe kry 'n mens dit reg? Weer **Drie dinge:**
   1. **HOE jy werk:** Ons vereer die Here deur betroubare en eerlik werkers te wees. Deur na voortreflikheid te streef – al pak jy rakke by Pick&Pay, dan word jy die beste Rakpakker in die geskiedenis. Jy sal werkstevredenheid smaak as jy met jou hele hart werk, ongeag wat jy doen, as jy werk asof vir die Here!
   2. **WIE jy is:** Jou werkstevredenheid hang direk af van hoe jy optree teenoor jou medewerkers en jou base. Dis vanselfsprekend dat jy as Christen in jou werk die hoogste mate van integriteit moet beoefen, maar anders as wat baie mense dink, hoef jy nie perfek te wees in jou werk nie. Natuurlik sal jy foute maak, maar wees nederig, menslik, ernstig, eerlik, deursigtig – erken jou foute, probeer regmaak wat jy kan en gaan aan! Jou werkstevredenheid hang af van hoe jy werk en wie jy by die werk is.
   3. **WAT jy sê:** As Christen moet jy so werk en optree by die werk dat jy die reg verdien om te kan praat oor die Here. Jou werk en optrede moet van so 'n aard wees dat mense respek vir jou het, sodat, wanneer die Heilige Gees die omstandighede so bestuur dat daar 'n geleentheid is om oor die Here te praat, dat mense vir jou sal wil luister.

Ek glo dat 'n mens met die regte gesindheid in enige werk 'n verskil kan maak. Jy kan die atmosfeer by jou werk bepaal en skep as jy werk asof Jesus Christus self jou baas is. As jy werk asof vir die Here! Is jou werk 'n vloek of 'n seën? Dis wat jy daarvan maak!!

PREEKOPSOMMING

Tema: *Werk: Van Geswoeg na Vervulling!*
Teksvers: Prediker 5:18 ***"God gee aan 'n mens rykdom en besittings en laat hom dit geniet God laat die mens sy deel ontvang en sy werk met vreugde doen. Dit is 'n gawe van God."***
Teks: Prediker 5:17-19
Datum: 11 Oktober 2009 (Erfdeel Gemeente)
Prediker: Ds Peet Louw (Sel 0845220079 of Tel 057 3884533)

40% van jou lewe bestaan uit WERK!! En die kanse is baie goed dat jy dit glad nie gaan geniet nie. Twee derdes Amerikaners sê hulle geniet glad nie wat hulle doen nie. 'n Hele klomp mense sê sommer rondborstig, *ek haat my werk!* So, hoekom moet ons werk? Hoekom werk jy? Is dit om jou rekeninge te betaal of om eendag te kan aftree! Is dit regtig die manier waarop jy jou lewe wil deurbring? Daar moet mos darem 'n beter rede wees om te werk! Die goeie nuus is, daar is 'n beter rede. ***Prediker 5:18(c)*** sê, ***"Dit is 'n gawe van God!"*** M.a.w dit moet jou lewe beter maak – dit moet lewenskwaliteit by jou lewe voeg. Dit moet uiteindelik ***vreugde*** by jou lewe voeg.

Die belangrikste ding wat ek en jy van werk moet verstaan, is dat dit nié 'n straf is op die sonde nie. Voordat sonde in die wêreld ingekom het, het God werk ingestel. Lees ***Genesis 2:15***. Sonde het werk moeiliker gemaak, maar WERK is daar om jou lewe beter te maak! Dis normaal vir mense! Daarom behoort WERK nooit op te hou nie. Jy behoort na regte nie eintlik af te tree of op 'n punt in jou lewe te kom waar jy NIE meer werk nie. Jy kan wel later teen 'n stadiger pas werk of ligter werk verrig, maar jy is nie veronderstel om ooit heeltemal op te hou werk nie, want werk voeg lewenskwaliteit by jou lewe. Daar is veral ***drie dinge*** wat WERK by jou lewe voeg:

1. ***Selfvertroue:*** Was jy al ooit in 'n Restaurant waar daar 'n nuwe kelner is. Jy kan sommer van 'n afstand af sien hy of sy is onseker en senuweeagtig. Maar na 2 weke lyk die prentjie anders - die selfbewustheid is weg en hulle lyk heel behendig. Min ander dinge gee 'n mens soveel selfvertroue as wanneer jy uitdagings by jou werk te bowe kom. Ek dink dit is wat God in gedagte gehad het, toe Hy vir ons die vermoë en die gawe gegee het om te kan werk en wanneer Hy ons in die Skrif aanmoedig om hard te werk. Sodat ons die beloning van selfvertroue kan oes!
2. ***Karakter Ontwikkeling:*** Harde, eerlike WERK ontwikkel jou karakter! Enige werk gee 'n mens die geleentheid om elke karaktertrek wat God in die Bybel noem wat Hy by sy mense soek, te ontwikkel. As jy al die geleenthede wat jou WERK jou bied gebruik om goddelike waardes te beoefen, sal jy in jou karakter groei. As jy bv. geweldig gefrustreerd is met 'n opdrag of projek wat net nie afgehandel word nie, kan jy dit sien as 'n geleentheid om deursettingsvermoë te oefen. As jy versoek word of bewus word van 'n oneerlike praktyk by jou werk, kan jy dit as 'n kans sien om te groei in jou eerlikheid. As jy sien of hoor jou vriend word ingedoen by die werk, kan jy die kans gebruik om lojaliteit te oefen en by hom of haar te staan. As 'n medewerker jou irriteer, gebruik jy die kans om te groei in aanvaarding en geduld? As jy gevra word om iets te doen wat jy vrees, laat jy toe dat vrees jou keer, of gebruik jy die geleentheid om te groei in moed en die uitdaging aan te vat? Jou WERK, al is dit vir jou hoe frustrerend of sleg, kan letterlik vir jou 'n skool van karakter-ontwikkeling word as jy dit met die regte gesindheid benader. Baie mense laat die geleenthede verbygaan, maar dié wat dit gebruik, kry die onverwagte beloning van persoonlike groei en uiteindelike volwassenheid.
3. ***Gevoel van Vervulling:*** Elke keer nadat God 'n volgende aspek van die skepping klaargemaak het, het Hy teruggestaan en gesê, *dit is nou goed!!* Ek en jy is gemaak na die beeld van God - dit beteken daar is in elke mens iets van God. Ek glo ook die gevoel van

vervulling wat ‘n mens ervaar nadat jy ‘n stuk werk na die beste van jou vermoë afgehandel het, kom van God af. Betekenisvolle werk gee vir elke mens ‘n gevoel van vervulling, ‘n gevoel dat jy iets bereik het. En niks op aarde kom daarby nie!! Tye van ontspanning en niksdoen, vakansietye en uitstappies en breuke is baie nodig vir mense wat hard werk. Maar hulle grootste nut is dat dit ons verfris, om weer aan te gaan met ons werk. Werk is deur God ontwerp vir elke mens – nie net om jou besig te hou nie, maar om jou die noodsaaklike geleenthede te gee om selfvertroue en karakter te bou en uiteindelik die beloning van vervulling te kan ervaar, wat jy as mens so broodnodig het om die wêreld in die oë te kan kyk. Klink dit miskien vir jou na ‘n straf???

Hoekom is WERK dan vir sommige mense ‘n vloek? Wat maak die verskil? *Bill Hybels* sê daar is **TWEE dinge** wat die verskil maak: *Die regte werk en die regte redes.*

1. **Die Regte Werk:** Omtrent alle mense wat gelukkig is in hulle werk, het een ding in gemeen: Hulle doen werk wat in lyn is met die vermoëns, talente en belangstellings wat God hulle gegee het. God wil hê dat elke mens se werk hom of haar moet laat lewe! God wil hê ons werk moet vir ons energie gee, ons werk moet ons as’t ware oppomp met lewe, dit moet lewe blaas in jou lewe! Is dit so met jou werk? Is die werk wat jy nou doen in lyn met die unieke manier waarop God jou gemaak het, in lyn met jou God-gegewe vermoëns en talente? As jy nie *“JA”* kan antwoord nie – moet jy dalk God vertrou en ‘n ander werk soek! Voordat enige mens ‘n werk aanvaar, behoort jy eers vir jouself te vra: *Wat laat my lewe? Wat sal ek die graagste in die hele wêreld wil doen? Wat voel jy kan jy die beste doen?* Daar is wel omstandighede wat ‘n mens soms dwing om tevrede te wees met ‘n werk waarin jou hart nie is nie, wat nie in lyn is met wie en wat jy is nie. Maar, as jy enigsins kan, moet jy sulke werk sien as tydelik! Ek glo God wil hê elke mens moet beroepstevredenheid beleef, want WERK is een van die dinge waarvoor ons gemaak is.

2. **Die Regte Redes:** Die tweede vereiste vir werkstevredenheid is dat jy jou werk sal doen vir die **Regte redes,** en dit is om God tevrede te stel en te verheerlik! As ‘n Christen by sy of haar werk instap, moet hulle beslis aan meer dink as net om geld te maak, of om die baas te beïndruk … selfs aan meer dink as om net gelukkig te wees. ‘n Kind van die Here se hoofdoel met sy of haar werk is om die Here te vereer! Lees ***Kolossense 3:23-24****.* Wat jy ookal doen, wat ookal jou pligte en verantwoordelikhede is, jou uiteindelike baas is Jesus. Hy is die een vir wie jy tevrede moet stel. As jy die Here tevrede stel**,** word jou werk ‘n manier waarop jy die Here aanbid, jou werkplek word ‘n tempel, elke projek wat jy aanpak, word ‘n offer aan die Here.

   Hoe kry ‘n mens dit reg? Weer **Drie dinge:**
   1. **HOE jy werk:** Ons vereer die Here deur betroubare en eerlik werkers te wees. Deur na voortreflikheid te streef – al pak jy rakke by Pick&Pay, dan word jy die beste Rakpakker in die geskiedenis. Jy sal werkstevredenheid smaak as jy met jou hele hart werk, ongeag wat jy doen, as jy werk asof vir die Here!
   2. **WIE jy is:** Jou werkstevredenheid hang direk af van hoe jy optree teenoor jou medewerkers en jou base. Dis vanselfsprekend dat jy as Christen in jou werk die hoogste mate van integriteit moet beoefen, maar anders as wat baie mense dink, hoef jy nie perfek te wees in jou werk nie. Natuurlik sal jy foute maak, maar wees nederig, menslik, ernstig, eerlik, deursigtig – erken jou foute, probeer regmaak wat jy kan en gaan aan! Jou werkstevredenheid hang af van hoe jy werk en wie jy by die werk is.
   3. **WAT jy sê:** As Christen moet jy so werk en optree by die werk dat jy die reg verdien om te kan praat oor die Here. Jou werk en optrede moet van so ‘n aard wees dat mense respek vir jou het, sodat, wanneer die Heilige Gees die omstandighede so bestuur dat daar ‘n geleentheid is om oor die Here te praat, dat mense vir jou sal wil luister.

Ek glo dat ‘n mens met die regte gesindheid in enige werk ‘n verskil kan maak. Jy kan die atmosfeer by jou werk bepaal en skep as jy werk asof Jesus Christus self jou baas is. As jy werk asof vir die Here! Is jou werk ‘n vloek of ‘n seën? Dis wat jy daarvan maak!!